

Pretoria- 27 Junie 2010

Skriflesing: Esegïel 4

Teks: **Esegïel 4:1, 4 - 6**

Sing- SAMESANG: Ps. 55:1,7

TYDENS EREDIENS: Ps. 146:1,6; Ps. 139:1,2; Ps. 90:1,7; Ps. 78:1,14

Esegïel se tong sit nog aan sy verhemelte vas. Broeder en suster, hy mag nie preek nie. U onthou hoe die Here Self vir hom gesê het- 3:26- *En Ek sal jou tong aan jou verhemelte laat klewe, sodat jy stom sal word en vir hulle geen bestraffer sal wees nie; want hulle is 'n wederstrewige huis...* Die Here wat Esegïel as wagter aangestel het, een wat betyds moet kan praat, anders word hy wat moes waarsku ook gestraf, tog word daar in dieselfde hoofstuk 'n preekverbod op hom geplaas. Jy praat nie 'n woord nie... Nou staan Esegïel letterlik binne 'n nuwe drama. Dramaties die dinge wat nou vir hom gesê word, eintlik nog meer dramaties dit wat van hom verwag word. Hy moet dinge doen wat op die oog af baie vreemd mag voorkom.

Eintlik moet ons dit so verstaan, sy mond is toe, daar sal nie preke vir die mense se ore wees nie, maar daar kom 'n reeks van "preke" vir die mense se oë. Daar sal 'n dramatisering van gebeure begin plaasvind wat as aanskoulike onderwys vir ons uitstaan. Dit alles begin waar die stomme Esegïel soos 'n kind met Israel moet begin maak. Hy moet vir hulle prentjies begin teken want om behoorlik te hoor en te lees wil hulle in alle geval nie. Esegïel het een van die groter nat stukke kleiteëls (of stene) van Babilon nader gebring en begin hy 'n sketstekening van Jerusalem te teken. Latere jare se opgrawings in Mesopotamië het nogal heelwat van hierdie stads kaarte oopgemaak waar sulke stadsplanne in die klei geteken was. Die groot stad Nippur was ook so afgebeeld. M.a.w. die manier van om so die planne te teken was nie ongewoon nie.

Dalk met sy nael of 'n stokkie begin Esegïel sy volk se geliefde stad hier voor hulle te teken. Digterlik was daar reeds uitgespreek dat sal my regterhand homself vergeet, so min sal ek vir jou kan vergeet, o Jerusalem?! Daar is vir hulle maar net die een stad. Sy omstanders sou dink die profeet verlang net soos ons darem nou regtig huis toe. Esegïel ken sy stad, selfs die kleinste straatjies en elke ou geboutjie word nie vergeet. Daar word niks van die kleinste besonderhede weggelaat nie. Diepe nostalgie sou al die omstanders se harte begin inkruip. Diepe herinnering van hier is waar ons was, hier kom ons vandaan, daar lê my spore.

Sy tekening begin egter gou om meer as net die gewone strate en huise in te sluit. Soos hy die stad modelleer begin sy hande ook voorwerpe te vorm wat baie duidelik op wapens en wapentuig dui. Stormramme, versterkte vestings, vlugtelingskampe, tipiese oorlogstuig, ja sou die omstanders dink dit het ons stad al dikwels oorgekom. Hulle kan ook daarmee identifiseer.

Ja, broeder en suster ons moet ons dit voorstel soos dit hier gebeur. Dit lyk of kindertjies aan die speel is, kinders hou van prentjies teken en selfs oorlog-oorlog, kinders speel dit graag. Dalk het baie van die wat sien hoe Esegïel die hele stad in sy oorlogsgewaad inprent na sy buurman geloer en geglimlag dat dit is waarlik ook hoe ons dit onthou. Maar sou die manne vir mekaar wil herinner ons God was mos darem nog altyd aan ons kant. Sou Esegïel maar met 'n kinderspel uit ons vroeëre bestaan hier sy rol vervul. Ons kan aanvaar van die manne begin reeds onderlangs mompel, hier sit ons in die ballingskap, hier kry ons so swaar en nou lyk dit of Esegïel met ons omstandighede speel. Soos 'n kunstenaar word ons rolle ingedeel, maar Esegïel waar is jou rol?! Daar is klaar eintlik by sy omstanders 'n ongemak met waarmee Esegïel besig is.

Pretoria- 27 Junie 2010

Dan word dit baie gou duidelik Esegiël is nie hier om sy eie rol en sy eie plek in hierdie voorstelling in te neem nie. Esegiël verteenwoordig eintlik God se plek. As Esegiël 'n ysterpan moet neem dan word hier iets geteken wat geen normale kinderspel meer kan wees nie. Israel sou nog dink dit is die voorstelling van hoe God ons gaan verdedig. Ons gaan agter hierdie ysterpan, hierdie simboliese ystermuur kan skuil as God Self soos 'n muur vir ons optree. Met skok sou hulle dan sien hierdie ysterpan is nie daar om ons te beskerm nie, maar die bakplaat wat Esegiël hier voor hom hou en wat Esegiël met 'n gesig laat wat dui op woede en hy met die kwaaieste gesig denkbaar agter die plaat stelling inneem, word aangrypende simboliek. Al word prentjies geteken soos die kinders dit ook kan doen, is hierdie geen kinderspel wat hier plaasvind nie.

Watter verontwaardiging en skok sou dit wees as Esegiël daarop wys God is nie in hierdie stad om ons te verdedig nie, God is daarbuite om dit aan te val. Hierdie bakplaat (ysterpan) word simbool van hoe God Hom nou in sy woede van ons distansieer. Jerusalem sal van die ysteroordele, die klipharde oordele nie loskom nie.

Hier sit natuurlik iets nog dieper in wat God ons hier bekendmaak. Ná die sonde in die paradys het die mens homself al hoe groter wou ag. Ons lees baie gou van die manne wat dink hulle hou hulle nie met kinderspeletjies besig nie. Kain slaan vir Abel dood, uit die geslag van Kain kom die manne wat meer as een vrou neem en groot is hulle eie woorde hoe hulle sal kan wraak neem wanneer daar na hulle gekom sal word. Dit is geen kinderspel hoe hulle die lewe ingaan nie. Lameg skreeu dit uit sy twee vroue se ore tuit van *ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes...* Terwyl as God werk dan word dinge uit die wêreld van 'n kind die groot dinge van God se koninkryk gemaak. God se Seun kom nie te voorskyn as die mense Maghebber nie, maar as Kind word hy gebore, nederig in 'n krip word Hy geplaas, terwyl die mens dink om sy eie ryk op te bou met yster en staal.

God bou sy ryk op nie met yster en staal nie, maar met hout en 'n kruis. Die mens glo in prag en propaganda, stakings en betogings, maar soos Jesus sy 33 jaar op aarde gelewe het, was daar by Hom nie teken van dit is my wapen, dit is hoe Hy staak en onderhandel nie, sonder dit alles neem Hy die paaie in die ou Israel op, so neem Hy ook eintlik sy kruis op, Hy werk met dinge wat die groot manne sal dink maar dit is mos kinderspel. 'n Ou boek waarin sy Woord geskryf staan, 'n bietjie water om te doop, 'n stukkie brood, 'n slukkie wyn, so werk God nog altyd. Ook sy kerk moet dit besef, die ware kerk moet nie wil inpas en wil kompeteer met die maatskappye en direksies van die 20ste eeu en dink as ons nie gaan bykom en aanpas nie, dan gaan ons agterraak, ons gaan verdwyn. Deur die "dwaasheid" van wat ons doen, deur die dwaasheid van die prediking, wat baie sg. kundiges wil beweer dit is van die swakste vorm van kommunikasie, juis het dit God behaag en behaag dit God nou nog om so die wat glo te red. Die prediking red, al wil mense dit as sleg en outyds afmaak!

Die mens wat hieroor lag, die mens wat God se werke as belaglik wil afmaak, die natuurlike mens kan nie die dinge van die Gees van God begryp nie. Die feit dat hulle wat eintlik beter moet weet, hulle wat Israel is, dat hulle vir Esegiël wil uitlag, dit gaan alle perke verby. Weet hulle dan nie, hulle moet tog verstaan, hoe God deur klein dingetjies groot dinge doen. Die staf in Moses se hand, die wolvliesie by die rigter Gideon, 'n slingervel in Dawid se hand, die gesuis van 'n sagte wind by Elia. Dit wat Esegiël doen, 'n klein tekeninkie van God se groot stad, dit moet hulle ruk, maar party lag daarvoor, ander vererg hulle daarvoor.

Is dit nie maar ook tekenend van ons tyd nie?! Die moderne mens van hierdie eeu met sy tegnologie en kragtige rekenars en ruimtetuie vind God se Woord te gering, te twyfelagtig

Pretoria- 27 Junie 2010

om nog daarby te bly! Hoe die ewolusieteorie die openbaring van God se skepping in Gen. 1 en 2 eenvoudig wil uitdaag is maar net nog 'n voorbeeld van waarmee is vandag se mense besig. God werk in Esegïël baie duidelik dat God nie by die tekening van Esegïël bewondering of kritiek van ons vra nie, dit wat God van ons eis is gewoon kinderlike geloof. Ons het geen kommentaar te lewer oor dit wat God vir ons duidelik maak nie. Dit wat in alle geval duidelik van God kom, moet geglo word, kritiek bring jou waar Israel was. Om God te wil kritiseer, om slimmer as God te wil probeer wees. Glo in God se Woord, vertrou op Sy beloftes, steun op wat God jou bied.

Die tekening van Esegïël in die klei spreek van die duideliker tekeninge wat God ons wil skenk. Sy sakramente, wat met sy Woord bedien word. Dit is ook tekeninge. Bêre die aïsiestog gedagtes as 'n babatjie gedoop word, hou die kameras weg by die bediening van die doop, want dit gaan nie oor die prentjie van die baba nie, maar dit gaan oor God se beloftes... of wanneer die gemeente Nagmaal vier, daardie besondere tekening van God Self, dit wat sy Seun in alles insluit, hoe mense eintlik maar daarby kan verby leef, so asof dit maar net kan kom en gaan.

Wanneer die tekening by Esegïël wys hoe hierdie stad wat mense dink nie sal val nie, dan val God die stad in! God skei Homself van die stad af, die bakplaat sê dit alles. God bou eintlik letterlik 'n ystermuur tussen Hom en die stad. As die volk van God, ja die kerk van die Here God se vyand word, dan kan dit mos nie meer ware kerk wees nie. 'n Ontaarde gemeente, die valse kerk, dié se sonde is vir God baie erger as dié van die heidene. Heidene sit in die duisternis, maar al is die donkerte hoe dig, God se lig kan nog daardeur dring, maar by die kerk wat vals word, die afgedwaalde kerk, hulle is van God afgeskei, so goed daar is 'n stuk yster, 'n ystermuur tussen hulle en God. Niks wat dit kan deurdring nie. Die yster wat hulle na gesoek het, hulle voorkoppe so hard soos yster (vgl. Eseg. 3:7), nou word die yster soos 'n muur tussen hulle en God. Jou sonde skei jou van God soos 'n ystermuur, deur hierdie muur van sonde wat jyself bou kan die gebed nie deurdring nie. In plaas dat Israel God se bondgenoot sal wees het hulle God se vyand geword.

'n Hopelose toestand waarin Jerusalem hier geteken staan, want dit kan ons ook maar weet broeder en suster, God straf Jerusalem harder as die ander stede wat in alle geval heidense stede was. Waarom mag u vra, Jerusalem het darem mos die tempel, by die heidene word hulle gode van hout en steen deur hulle aanbid. Is hulle nie meer goddeloos nie, moet hulle nie harder gestraf word nie?! Dit lyk God laat hulle met rus maar Jerusalem moet verpletter word...Waarom?!

Ons moet besef die heidene se straf is ook reeds vas, maar daar is niks wat die toorn van die Here so opwek soos skynheiligheid nie. Wanneer mense met gemaskerde sondes besig is, die skyn van godsdiens word voorgehou, die gedaante van die godsaligheid is wel daar maar die krag daarvan het hulle verloën. In Esegïël 8 word dit blootgelê en daarom begin die oordeel by Jerusalem. Vrome gruwels is vir God van die ergste wat daar kan wees. Wanneer godsdiens maar net 'n skynvertoning word..

Die ware kerk sal nie val soos hierdie valse kerk, met die skyn van godsdiens wat hulle voorhou nie. So seker soos die Here Jerusalem sou aanval, dit wat Esegïël vir Israel moes teken, so seker sal ons as kerk ook nie bly staan as godsdiens maar net aangeplak is nie. So seker soos Israel dit moes besef moet ons ook weet dat God se oordeel begin by sy kerk.

Esegïël het met die oordeel wat by God se volk begin intens moes meeleeft. Daar kom buiten die sketsplan van wat hy van Jerusalem teken nou 'n sinnebeeld van nog 'n verdere inlewing,

Pretoria- 27 Junie 2010

belewing, meelewing van wat is aan die gang. Eers die stad wat hy moet teken, nou moet Esegiël 'n tweede volle afbeelding maak, hy moet 390 dae op sy linkersy gaan lê, om so die straf van die sonde van Israel te dra en dan op sy regtersy nog 'n verdere 40 dae lê om die straf van die sonde van Juda te dra.

Nog steeds praat Esegiël nie 'n woord nie. Hier sit iets eksentriek hierin, waar Esegiël hom met toue vasdraai en dit dan eintlik toonbeeld is van hoe die Here vir hom sê- *En kyk, Ek sit vir jou toue aan, sodat jy jou nie kan omdraai van die een kant na die ander nie, totdat jy klaar is met die dae van jou beleëring...* Waar Esegiël met die bakpan God voorgestel het, dit is hoe God die stad gaan beleër, nou stel hy die posisie van die volk voor. Daar sit iets priesterlik in wat Esegiël nou doen. Die priester wat op die dag van versoening sy hande op die sondebok moes lê om so die volk se sondes oor te dra en die bok wat dan die sonde van die volk moet dra word die woestyn ingejaag (Lev. 16:20-22). Esegiël se voorstelling is tog ook anders. Hy moet maar net daar lê, hy kan die sonde nie wegdra nie, hy lê letterlik onder die swaar en gewig van die sonde vasgedruk.

Esegiël gee hiermee 'n portret van die volk, terwyl die volk oor hulleself so anders dink. U moet onthou hoe ons heel aan die begin van Esegiël daarop wou wys koning Sedekia het die volk mislei deur voor te gee dat reorganisasie in die plek van reformasie kan staan. Hulle dink 'n politieke oplossing sal uitkoms bring, allerhande staatkundige maatreëls word getref, terwyl reformasie nie plaasvind nie. As Esegiël daar platlê met toue vasgedraai, vir baie langer as 'n jaar dan is dit alles 'n voorstelling wat wys hoe min sal reorganisasie jou help as ons nie bereid is om ons ellende veel eerder reformatories na God toe te bring nie. Voor Gods moet ons klein word, voor Hom moet ons platlê, moet nie voor allerhande staatkundige magte wil kruip nie. Israel dink ons sal ons politieke uit hierdie ellende uit kan onderhandel, hulle eie KODESA, om met slim planne en diplomatie en fyn taktiek te werk en binnekort gaan ons terug wees in Palestina, die heilige land, terug na Jerusalem, die heilige stad, terug na die tempel, die heilige tempel, hulle wat mos selfs uitroep- *die Here se tempel, die Here se tempel, is dit...*

Esegiël se liggaamstaal praat nou heeltemal 'n ander taal. Vir 390 dae lê hy net daar, roerloos op sy linkersy, dis eintlik hartverskeurend, sy gesig na die noorde gedraai, dieselfde rigting waar daar vêr die Tienstammeryk lê en dan keer hy op sy regtersy, vir 40 dae word daar dan na die suide gekyk, Juda dit is na jou wat dit nou gekyk word, spesifiek na Jerusalem.

Dit is so 'n anderster prentjie as wat die volk hulleself politieke mee wil posisioneer. Die posisies wat Esegiël hier afteken is dat elke dag se lê verteenwoordig 'n jaar se ballingskap. Israel sal 390 jaar in ballingskap verkeer en Juda vir jou sal daar 40 jaar ballingskap tref na die beleëring van Jerusalem. Soos Esegiël vasgedraai in die toue roerloos homself daarin verstrengel bevind, so maak die ballingskap. Jy is daarin vasgedraai, jy sal jou nie kan uitdraai of uitwoel op watter manier ook al nie. Die ballinge wat sien hoe Esegiël die stads kaart teken, hoe hy daarna vir baie dae hier vasgedraai lê, die volk se idee was ons uitkoms sal naby wees, want ons het die tempel, ons is mos kerkmense, ongeag of ons na die Here teruggaan.

Esegiël wys vir hulle sonder om regtig iets te sê, die uitkoms is nog geensins naby nie. Die wat in Jerusalem is, hulle sal julle nog oor jare hier in Babel kom geselskap hou, julle sal nie na hulle gaan nie, hulle sal ook na julle weggevoer word. Om met 'n verkeerde optimisme jouself bly te maak is vals. Laat die realiteite maar eerder spreek, dit help nie julle sê maar

Pretoria- 27 Junie 2010

net vir mekaar ons moet positief wees, maar na die kant wat die dinge negatief maak word daar nie gekyk nie. God stel die negatiewe in omdat julle teenoor die Here negatief staan.

Nou sal julle beleef julle droom van ons sal die toue van die ballingskap loswikkel sal nie gebeur nie, maar die dikke toue van die ballingskap sal net nog vaster gebind word. Hierdie ballingskap in die toestand waarin julle nou is, sal nog baie jare duur, van opstaan uit die ballingskap hoe hulle as volk meen om dit te doen, sal daar niks van kom nie.

Ook ons vandag broeder en suster, ons sê so maklik vir mekaar dat ons maar net positief moet wees, die sokkerspel werk baie erg met hierdie opium, maar hoe lyk die portret van ons as kerk vandag? Hoe lyk die Afrikaner in sy deursnee lewe vandag?! Dit is Afrikaners wat die gruwelikste Afrika-mentaliteit van voorvadergeeste en allerhande gedrogte wat in die Ubuntu leef ook begin aanhang en in Soccer-city daarin wegsink. Die sokker wat oor weke na ons aanrol was vanuit die staanspoor gevul met die Afrika goed, daar staan dit alles, maar hoeveel Afrikaners, ja baie sal hulleself as deel van die kerk beskou, maar as jy werklik mooi onderskei dan tref hulle denke 'n mens dat hulle werklik eintlik glo dit wat sokker kan doen in der waarheid vir hulle baie groter is as dit wat die Here vir die land kan doen as ons net na Hom sal terugkeer. Maar met wat ons doen gaan ons al verder van die Here af weg!

As daar nie 'n kaart van ons land geteken word nie, maar 'n kaart van ons harte, 'n kaart van die geestelike wat in die land aan die gang is, dan kan dit ook nie anders dat jou tong eintlik aan jou verhemelte vasplak nie. Wat kan 'n mens nog sê?! Vasgedraai en hoe lank sal daar op ons sye stil gelê moet word in wat werklik ons sonde is. As ons self die sonde moes dra wat daar op ons rus dan sou daar geen voorstelling gemaak kon word nie. Ons sou in die ewige dood moes wegsterf, dit is waarin ons weggelê sou moes word. Esegiël sou liggaamlik baie seer moes hê net om dit wat hy moet doen af te beeld. Om so op jou een sy net te moet lê en die pyn wat daarmee sou ophoop en om dan direk daarna nie te mag opstaan nie, maar nog moet hy bly lê, wel op sy ander sy. Profeties doen hy wat God sê, die kenmerk van 'n ware profeet, priesterlik is dit die volk se sonde wat die gewig vorm wat hom moet laat lê, die ware priester laat dit op hom kom rus.

Broeder en suster, ons besef in Christus het hierdie dinge wat oor Esegiël kom die nog swaarder vrag geword in wat Christus gedoen het. Vir ons sonde is Hy gekruisig, die pyn wat Esegiël moes deurmaak is maar 'n klein voorstelling van die pyn van Hom wat nie onder ons sonde moes lê nie, maar is Hy gekruisig, opgehang vir wat ons gedoen het. Daarvoor het Christus die dood ingegaan. Hy ons hoogste Profeet, Priester en Koning.

Die intense meeleving wat Esegiël hier afbeeld, meer intens was dit met Christus. Hy wat nie net met ons moes meeleeft nie, maar in ons plek moes leef. Hy het meegeleef, meegely en meegesterf. Vir baie is dit soms te veel gevra om vir een dag van die week na die huis van die Here op te gaan, dink u in as daar van u verwag sou word om vir 390 dae stil net op jou een sy te moet lê en dit vir die saak van God, watter swaar sal dit wees. Om kerk-toe te kom, om hier werklik met die Gees van God deur sy Woord gevoed te word, die krag wat ons hier in Christus ontvang, as u daarmee nie net meeleeft nie, maar daarmee saamleef, dan sal ons 'n volgende keer kom met wat die Here deur brood vir ons wil bekendmaak.

AMEN